## AKTIWITEITE VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP

Gedurende September het die Genootskap twee keer vergader:

1. *Federale Hoofbestuursvergadering in Durban, 8-9 September*

Dit was nie alleen 'n besondere byeenkoms omdat twee verkeerskonstabels die motors met die verteenwoordigers van die Transvaal, Oranje-Vrystaat en Kaapland teen 'n gemiddelde snelheid van meer as 100 kilometer per uur deur besige strate en verby rooi verkeersligte in Durban na 'n onthaal in Pinetown geneem het nie, maar ook omdat die drie byeenkomste elk in eie reg hoogtepunte opgelewer het.

Die skemerpartytjie in die Fairydale Hotel is deur nagenoeg honderd gaste Vrydagmiddag bygewoon. Dié byeenkoms is geborg deur Rand-Makelaars Natal. Dieselfde aand het die formele opening plaasgevind in die ruim saal van die Hoërskool Dirkie Uys waar ongeveer 500 belangstellendes die verrigtinge bygewoon het. Mnr. P. R. T. Nel, Natalse Direkteur van Onderwys, het as geleentheidspreker opgetree.

Hierbenewens is 'n indrukwekkende program afgehandel waarin onder meer die koor van die Hoërskool Dirkie Uys opgetree en die verhoogstuk „Ek, Jan van Riebeeck" deur At van Wyk onder spelleiding van Marie Heese opgevoer is. Voor die funksie en gedurende die pouse is kleurskyfies en foto's van historiese plekke in Natal in die voorportaal van die saal vertoon.

Saterdagoggend het die Federale Hoofbestuur vergader. 'n Hele aantal belangwekkende besluit met betrekking tot die Genootskap en sy mondstuk, *Historia,* is geneem.

2. *Sewentiende Jaarvergadering, Transvaalse hoofbestuur, 15-16 September*

Hierdie byeenkoms het in Pietersburg plaasgevind. Dit is Vrydagaand ingelui met 'n program in die saal van die Hoër Handelskool. Prof. F. A. van Jaarsveld het 'n toespraak gelewer met as tema „Die rol van die stad in ons geskiedenis." Daarna is 'n program afgehandel waarin grepe uit die geskiedenis van die Verre-Noorde uitgebeeld is.

Die volgende oggend het die Transvaalse hoofbestuur in die Ouditorium van die Pietersburgse biblioteek vergader waar mev. W. V. Pullen 'n aantal interessante mededelings gedoen het na aanleiding van 'n oorsese besoek aan opvoedkundige inrigtings in Brittanje en die Europese vasteland. Die hoofnommer op die program was 'n referaat deur prof. F. J. du T. Spies oor „Die eerste groot staatsman van Noord-Transvaal." Op onderhoudende en kenmerkende insiggewende wyse het hy die rol van Andries Hendrik Potgieter in Noord-Transvaal behandel.

Hierna het die afgevaardigdes en 'n aantal gaste 'n bustoer meegemaak na Makapansgrot. Vir meer as een was dit 'n eerste voorreg om dié geskiedkundige grot te besoek. Daarna het die Pieterburgse stadsraad die afgevaardigdes op 'n noenmaal onthaal.

Saterdagmiddag het die onthulling plaasgevind van 'n Gedenksuil te Kalkbank. Nadat hy 'n toespraak gelewer het oor „Monumente langs ons paaie" het dr. J. J. van Tonder die onthulling van die gedenksuil waargeneem.

Verskeie skole en instansies het aan die kranslegging deelgeneem en boodskappe oorgebring. Daarna het vleisbraai, Boeresport en 'n fakkelloop plaasgevind. Die verrigtinge is die aand afgesluit met 'n indrukwekkende kampvuurkonsert.